# die HUISGENOOT

10c By die Poswese as Nuusblad Geregistreer 17 DESEMBER 1965

**VIR TIENERS:**
**Wen Drie Bromfietse!**



**IN KLEUR: Met die R.S.A. Suidpool Toe**





WANNEER DIE ou span saam met die nuwe span aan boord is, party besig om hul pos te verslind, word 'n aanlê-plek langs die yslaag uitgekap of sommer met die boeg glad geskaaf. Stukke ys soos hier beland dan op die dek.

'N YSBERG in wording, besig om van die Antarktiese yslaag weg te breek. Suidpool-ysberge, hoewel soms tien myl lank en 'n myl wyd, is minder gevaarlik as dié van gletser-oorsprong in die noorde, en 'n skip kan tot langsaan hulle vaar omdat die wande min of meer regaf is.

# MET DIE R.S.A. SUIDPOOL TOE

**Deur Charl Opperman**

ELKE jaar, kort na die Kersfees, kies 'n klein rooi skippie uit Tafelbaai koers na die koue suide. Aan boord is 'n aflosbemanning en voorrade vir die Suid-Afrikaanse weerstasie Sanniespos (S.A.N.A.E.) aan die, soos op landkaarte weergegee, blou-wit kus van die Suidpoolvasteland.

Dit is die vernaamste taak van die R.S.A., wat ook jaarliks as onmisbare skakel dien tussen die Republiek van Suid-Afrika, na wie hy genoem is, en ons land se twee ander weerstasies — op die Britse eiland Gough en ons eie Marion.

Langs die pad word oseanografiese navorsing gedoen, sodat op die suidelike uitloper van die Midde-Atlantiese Rif, nie ver van Gough nie, 'n ondersese berg al bekend staan as die R.S.A.-spits. Verlede jaar het die R.S.A. deelgeneem aan die verkenningstog na die onherbergsame, sneeubedekte Noorse eiland Bouvet, o.m. met die doel om die stigting van 'n weerstasie aldaar te ondersoek. Navorsers en geoloë maak gereeld reise mee en onlangs was W.I.N.R.-personeel aan boord om seestroomsnelhede te meet.

DIE R.S.A., gebou in Japan in opdrag van die Suid-Afrikaanse Regering, het in Januarie 1962 sy eerste reis na die Suid-Afrikaanse Nasionale Antarktiese Ekspedisie se basis in Koningin Maud-land onderneem. Dit was ook sommer 'n vuurdoop, toe hy hom in pakys vasgeloop het. Nietemin het die derde S.A.N.A.E.-span hul basis bereik en is die tweede span veilig tuis gebring. Daarna is drie aflosspanne sonder wedervaringe na Sanniespos vervoer en in Januarie sal die sewende ekspedisie vertrek.

Die S.A.N.A.E.-basis is 2,370 seemyle van Kaapstad, op die sewentigste suiderbreedtegraad en binne die Antarktiese Sirkel. In die somermaande is dit moontlik om binne twaalf myl van die basis te kom en die reis van Kaapstad duur, afhangende van die pakys, van veertien tot dertig dae. [Gough (40° S, 10° W) is maar 1,400 myl ver en Marion (46° S, 37° O) nog nader.]

In die yswêreld, vertel die gesagvoerder, kapt. K. T. McNish, moet elke keer 'n landingskaai „gemaak" word. Dit word gedoen deur tot teenaan die Antarktiese yslaag te maneuvreer op 'n plek waar die ys nie te hoog is nie. 'n Landingsplek, min of meer dekhoogte, word dan uitgekap.

Die foto's op hierdie en die volgende bladsye gee 'n beeld van die wêreld wat die R.S.A. besoek en die taak wat hy verrig. *



**DIE YSLAAG** oorkant die baai waarin die R.S.A. vasmeer. Soms raak dit warm en dan dra 'n mens net 'n hemp, soos op dié foto.




**DIE SUID-AFRIKAANSE VLAG** wapper op Marion-eiland, die Republiek se eiland-buitepos in die suidelike Indiese Oseaan. Die verwelkomingsborde is deur die weerstasie se personeel opgerig.

BLAAI OM



**HOEWEL PLANTELEWE** so te sê ontbreek, is daar heelwat voëls en soogdiere in Antarktika. Die keiser-pikkewyn (op die foto), wat sowat 30 duim hoog word, is 'n vriendelike, vreeslose ysbewoner, effens minder nuuskierig as die Adélie-pikkewyne, wat kleiner is.





(Van vorige bladsye)

# Suidpool toe

LINKS: VASGEKEER DEUR YS. In hierdie wêreld het seelui geduld nodig. Maar dit is ook moontlik om af te klim en rondom die skip te stap.





BO, REGS: AL IS DIT SOMER, is dit nie elke dag sonskyn nie. Sneeu op die dek soos op dié foto moet voet vir voet oorboord geskoffel word.



REGS: 'N GROEPFOTO van 'n S.A.N.A.E.-span in hul spesiale winterdrag. In die somer word ligter klere gedra.